



# FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: [fichpos@fpark.co.za](mailto:fichpos@fpark.co.za)

## Uit die skoolhoof se pen

Die gr.12-leerders is besig met hulle rekordeksamen. Ons weet dat elke leerder hard gewerk het en ook groot verwagtinge vir die 2020 akademiese jaar koester. Ons dink aan elke leerder. Die res van die skool is besig met 'n toetsreeks. Ons herinner ouers daaraan dat alle leerders steeds assesserings, opdragte en toetse móét afhandel.

## Datums

Dit is op hierdie stadium moeilik om enige datums vas te maak, aangesien die Departement self nog datums aanpas. Hiermee rig ons 'n vriendelike versoek aan ouers om nie die kantoor te skakel met enige datum- verwante navrae rakende die sluit van skole aan die einde van die jaar nie. Sodra ons inligting ontvang, sal ons dit aan ouers deurgee.

## Graad 9 Vakkeuses

Ouers moet hulself verwittig van die werkswyse waarvolgens vanjaar se finale vakkeuse afgehandel word: Die aanlegtoetse is afgehandel en leerders ontvang Maandag, 14 September die uitslae. Vakkeusevorms sal ook aangeheg wees.

Ouers wat navraag wil doen oor die aanlegtoetse en vakkeuses kan individuele afspraak met mev. Anneri Helmand en mev. Monique Human maak deur die kantoor te skakel.

Die datums beskikbaar vir afspraak is as volg:

Dinsdag, 15 September: 09:00 - 11:00

Woensdag, 16 September: 09:00 - 11:00

Donderdag, 17 September: 09:00 - 11:00

Weens die COVID-19 maatreëls kan 'n normale oueraand nie plaasvind nie. Om hierdie rede sal daar vanaf Maandag, 14 September twee videos op Fichie-TV (DigiTV) gelaai word wat die praatjie wat gedurende die Vakkeuse-oueraand sou plaasvind, vervang. Hierdie video bevat 'n volledige verduideliking van alle inligting rakende vak- en beroepskeuses.

Leerders kan hulle finale vakkeusevorms vanaf Dinsdag, 22 September by hulle registeronderwysers ingee. Ouers wat steeds onsekerhede het, kan op 22 September vanaf 17:00 – 18:30 sowel as 23 September vanaf 17:00 – 18:00 gedurende 'n deurstap geleentheid in die saal die vakkeusevorms kom inhandig. Tydens hierdie geleentheid sal personeel beskikbaar wees om finale navrae te hanteer.

### **Matrikulante 2019**

Die gr.12-leerders van 2019 se matrieksertifikate is by die kantoor beskikbaar. Julle is welkom om dit te kom haal gedurende skoolure.

### **Implement stoor**

Baie dankie aan een van ons beheerliggaamslede, mnr. Frans Ackerman, vir die oprig van 'n implement stoor op die skoolterrein. Ons waardeer jou moeite opreg.

### **Personeel-fondsinsameling**

U is moontlik bewus van die konstruksie van 'n klok-koepel by die hoofingang. Die gr.12-leerders van 2020 het deur middel van verskeie aksies geld ingesamel. Die personeel wil ook graag hulle bydrae lewer. Op Vrydag, 18 September van 06:00 - 18:00 sal die personeel in 'n aflosformaat om die skool stap om geld vir die klok-koepel in te samel. U is welkom om 'n personeellid te borg en deel te word van hierdie opwindende projek. Stuur gerus u donasie saam met u kind na die betrokke onderwyser.

### **Top 10 leerders**

Hierdie leerders se name sal in volgende week se nuusbrief verskyn.

Een van Hoërskool Fichardtpark se kernwaardes waarop ons hierdie week fokus, is Integriteit. Integriteit beteken om die eerbare ding met 'n opregte, eerlike hart en sterk morele waardes te doen. Hier by Hoërskool Fichardtpark kweek ons jong volwassenes wat met trots ons skool se waardes uitleef.

Geniet die naweek!

Fichie- groete



**H VAN DER MERWE**

**SKOOLHOOF**

2020/09/11